# VAN STILTE EN EENSAAMHEID

*(Lesing voor byeenkoms: Ned. Herv. Predikante. Pretoria* 15-9-55).

I. Vooraf moet ek my dank betuig vir die geleentheid om met u saam oorleg te pleeg oor 'n saak wat vir ons almal, vir elke kultuurbewuste mens en vir elke ongevormde mens van die grootste betekenis is. Maar juis omdat dit oor hierdie onderwerp gaan, oor stilte en eensaamheid, wil ek u graag by voorbaat daaraan herinner dat ek hier put uit eie ervaring en uit eie oorpeinsing. Dit sal my leed doen as wat ek mag sê, uitgelê word as veroordeling van andere. Al wat ek daarmee beoog, is om vir u in blanke opregtheid te vertel van gedagtes wat in my gegroei het en van die omstandighede wat tot die groei gelei het. Ek doen dit in skugterheid, maar met die bedoeling dat ons naderhand saam daaroor kan wik en weeg, om dan te kyk of daar nie vir ons stigting en lering uit te haal val nie.

As ek dan praat van stilte en eensaamheid, dan bedoel ek daarmee twee aparte dinge, dinge wat op die oog af lyk asof hulle dieselfde is, maar wat by nadere beskouing tog hulle wesensverskille laat blyk, soos 'n tweeling wat gelyktydig uit die een moeder gebore word en tog elkeen sy duidelik onderskeibare aparte wese het. So is dit gesteld met stilte en eensaamheid.

Uit my vroegste kinderjare het 'n herinnering my dwarsdeur my hele bestaan bygebly, 'n herinnering wat gewerk het soos 'n vertroosting. Ons het toe op ons stamplaas gewoon in die verre Wes-Transvaal, waar die nawee van die Tweede Vryheidsoorlog ons gesin gedwing het tot 'n wurgbestaan. Ek onthou hoe my vader en moeder moes sukkel op daardie plaas: slanggif en tuple wat die beeste en skape laat vrek het, perdesiekte wat dit vir ons nodig gemaak het om met donkies en muile te ry omdat perde nie daar kon bestaan nie. Ek onthou hoe dat my ouers moedig koeie en bokke en skape deurmekaar moes melk om die nodige voedingsmiddele in die huis te bring vir eie onderhoud en vir dié van hulle kinders. Maar daarnaas onthou ek ook dat hulle nooit voor ons gekla het nie, en as die veeleisende dagtaak afgehandel was, het ons gesin saans, na die reiniging van hande en voete in dieselfde handbadje water, vergader om die eenvoudige dis wat dikwels bestaan het uit heerlike melkkos en brood. En as ons dan met die ete afgehandel het en ons kinders het die skottelgoed gewas en gebêre, het ons ewe aandagtig by kerslig, soms in die ligkol van die hanglamp, vergader, waar my vader in die groot familiebybel gesit en blaai het om iets geskiks te vind om vir ons voor te lees.

By een van die geleenthede het hy vir ons gelees van Elia wat gevlug het omdat Jesebel hom, die laaste oorblywende profeet van die Ware God, bedreig het met die dood. Nadat die Engel hom gevoed het, is hy oor die woestyn tot by Horeb, die berg van die Here. En daar, in 'n spelonk, is aan hom gevra wat hy daar soek. Toe het hy die opdrag ontvang om voor die spelonk pos te vat. Toe het daar 'n verwoestende rukwind verbygejaag, en Elia het geweet dat God nie in die rukwind is nie. Toe het 'n aardbewing

die berge geskud en die rotse geskeur. En Elia het geweet die Here is nie in die aardbewing nie. Daarna het 'n geweldige vuur die aarde verskroei, en Elia wis dat God nie in die vlamme is nie. Uiteindelik het Elia die suising van die stilte gehoor.

Die suising van die stilte.

Toe het Elia op sy aangesig geval en dit bedek, want hy het geweet die Here God is in die stilte.

Die stilte is goddelik. As dit stil is om jou, as die rumoer van die wêreld gaan lê, as die lawaai van die volke bedaar, dan kan mens in die groot stilte, wat oor alles troon, die aanwesigheid van die Here voel. Dit is dan dat die skepsel in sy nietigheid sy oë ophef en staar in die blou lug in met die wete dat dit alles wat hom omring tot stand gekom het volgens 'n vaste orde, gelei en bestuur word met 'n vaste hand, en dat hy self . . . hy, die nietigste van God se werke . . . die eindbestemming sal bereik wat deur God die Vader vir hom gestel is.

Orals in die Heilige Skrif sien ons dat die Godsmanne, die profete van ouds, die leiers wat deur die Here geroepe is om Sy volk te rig, die groot stiltes van die woestyne en die berge opsoek, nie net om tot helderheid te kom oor hulle godgeroepe taak nie, maar om deur bepeinsing krag te put vir die hitte van die dag wat op hulle wag in die uitvoering van hulle voorbestemde taak. Ons Heiland self het Hom vir veertig dae in die woestyn teruggetrek en Hom gevoed met die dinge wat die woestyn oplewer. En vandag nog word in ons eie volkstaal gesê dan iemand wat 'n bykans hopelose stryd voer vir 'n ideaal: hy is in die woestynjare van sy bestaan, doelende daarop dat hy stry om tot klaarheid te kom oor wat hy wil en in eensaamheid krag te put vir sy taak verder.

Die stilte is goddelik.

Om jou terug te trek van jou medemens af waar die geklank van stemme en die geraas van twis en tweedrag en die rumoerigheid van die markplein jou nie kan bereik nie, is om terug te keer diep in jouself in om dan ongesteurd die dinge te betrag wat in jou binneste woel en soek na uiting in die een of ander vorm.

In die stilte word leiers gebore. In die stilte word kunstenaars bewus van hulle eie skeppingsvermoë. In die stilte ontvang ons Evangeliedienaars vandag nog die woord wat hulle aan hulle gemeentes moet oordra.

In die stilte word die geheimsinnige bronne van die gees gevoed en daar ontstaan in ons bronare wat krag gee en wat ons medemens laat besef: hier is iemand wat weet, omdat hy uit die stilte na ons toe kom.

Inderdaad, in die stilte word volke gebore, in die stilte word wêrelde geskep, in die stilte ontplooi God se skeppingsplan met Sy skepping. En net diegenes wat die gawe besit om hulle in die stilte terug te trek, om hulle daarmee te omhul soos met 'n kleed, om hulle daarin te verberg soos in 'n donker spelonk, net aan hulle is dit gegegee om die wondere van die

Skepping te aanskou en dit aan hulle medemens te ontdek.

Laat ons dankbaar wees dat daar stilte is, en laat dit ons met deemoed vervul dat sommige van ons daardie stilte kan nader, want in die stilte, so het Elia alreeds geweet voor ons, daarin is God.

II. Maar die stilte is ook verskriklik. Om geroepe te wees onder jou volk, soos die evangeliedienaar, soos die deemoedige kunstenaar, soos die volksman, is om vooruit geroep te word tot stilte. Die evangeliedienaar moet in stilte peins oor die verborge dinge waaraan ons glo sonder om dit te sien, want sonder om te sien, moet hy daarvan getuig. En hoe kan hy daarvan getuig as om ver weg van sy medemens . . . laat dit wees in sy studeerkamer of waar ookal . . . waar die gerug van die lewe hom nie kan bereik nie, in te keer tot homself en sy Maker? Maar anders vandaan moet die evangeliedienaar sy rus en kalmte vandaan haal? Hoe anders sal hy vir sy gemeente, vir die wankelmoediges en vir die siekes onder hulle, kan dien as 'n stuit waarop hulle kan leun as die lewe hulle druk? Is dit nie Moses wat op die berg Sinai met blinkende gewaad en glansende gelaat uit die stilte teruggekeer het na sy volk wat nie hulle oë op hom kon rig weens die skittering wat hy uitgestraal het nie?

Hoe anders kan die kunstenaar die diepste wese van die mens deurskou en openbaar juis as in die stilte? En die volksman, waar sal hy sy doelgerigtheid vandaan haal, waar sal hy sy blik as rigter op 'n ideaal vir sy volk gaan vestig as dit nie in die stilte is nie?

Hierdie stilte is dit wat verskriklik is, omdat die geroepene na die stilte van daardie stonde af sal weet dat mens voor God alleen is. Hierdie geroepenes sal nog met mense verkeer, ja, dis ook vir hulle 'n behoefte, maar hulle sal vir altyd in hulle die wete omdra dat daar vir hulle by mense geen troos is nie omdat hulle gelykes onder die mense ontbreek. Die volksman word as leier uitgestoot, na vore om leidsman te wees, juis omdat hy weet waarheen, en daarin is hy enig in sy tyd. So ook die kunstenaar wat 'n stuk lewe skep en herskep in die lig van 'n beeld wat hy gesien het, en sy hele optrede verder is om daardie beeld van die hele lewe vir sy medemens te openbaar . . . hy, die enigste wat daardie blik ontvang het en kan openbaar. Onder sy mense is hy enig as verskynsel. Daar sal nog ander kunstenaars wees soos hy, sekerlik, maar die blik wat hy ontvang het, is enig. En die godsman, die evangelieprediker, bring elkeen van hulle nie ook sy eie siening van die Ewige Waarheid nie? Voorwaar die wêreld van diegenes wat deur hulle aanleg geroepe is tot stilte, is dun bevolk. Ek herinner u aan die ou volksraaisel wat so lui:

Wat sien die gewone mens elke dag, 'n koning selde, en die Here nooit? Die antwoord: Sy gelyke.

Daarom is die stilte ook verskriklik. So dat dit jou die geleentheid bied om die lewe te deurskou en in voeling te kom met die Godsplan, is dit ook die stilte wat mens daartoe lei om hom self te ondersoek, sy valsheid en sy nietigheid en sy ydelheid in te sien en van hom af te lê en dan nederig te word in die diens van sy medemens. Die stilte is letterlik die geleent-

heid om ons gees weg te skroei waar dit eienskappe vertoon wat tussen die geroepene en die volvoering van sy roeping staan. Wee hom wat hierdie vuurdoop van die stilte nie kan deurstaan nie, want dan is dit nie net verskriklik nie, maar ook 'n verskrikking wat uitloop op verwoesting.

III. Maar hierdie stilte wat goddelik is, en wat verskriklik kan wees het 'n tweelingbroer, die eensaamheid. Die eensame mens is nie soos die stil mens nie. Die stil mens het sy stilte gekry van sy insig, van sy wete van mense en dinge. Sy stilte is teken van sy innerlike krag. Die eensame mens voel hom verlate van God en mens, sy eensaamheid is gebore uit sy verbystering, uit sy gebrek aan wete en aan geloof, sy eensaamheid is gebore uit onmag om by sy medemens aansluiting te soek, en in sy eensaamheid lê sy ondergang.

Laat ons hierdie eensaamheid nader betrag, as die kernpunt van ons oordenkinge hier vanoggend. Die wêreldtoestand van eensaamheid word ook weerspieël in ons eie volk. Die betragting van ons eie volk se omstandighede sal dan ook vir ons 'n openbaring wees van wat elders besig is om voltrek te word.

Ons eie volk was gister en eergister nog 'n volk van trekkers op die voorposte. Die wêreld het vir hulle oop gelê, en jy het maar nodig gehad om voldoende vertroue te hê in jou eie vermoëns en genoeg geloof in die toekoms van jou soort. Met jou wa en osse, jou gesin, jou geweer en jou Bybel het jy die onbekende aangedurf. En wat is daar aangenamer vir die mens as om te weet dat die ganse aarde vir hom lê en wag. Jy kan maar net intrek, die aanloklikste staanplek langs helder fontein of vloeiende stroom uitsoek en jou dan daar neerlaat om met die verloop van jare jou gesin te vestig, jou veekuddes te sien aangroei, die fondamente te lê van jou woning, jou stalle en krale en skure te bou, jou landerye uit te meet, te braak en te beplant, jou landmure van klip op te stawel. Daar is wel gevare en bedreiginge, ja, maar met die vlugheid van hand en oog en met die hulp van jou eie God word die dinge alles oorwin. Storms kom en storms gaan, droogtes teister jou, vyande kom en beknel jou. maar op jou plaas bly jy rustig en behoue voort bestaan. Daar was elkeen van ons voorouers in die ware sin van die woord 'n skepper, 'n skepper wat saam met sy eie Maker aan die wildernis beskawing opgelê het. Ons voorouers was temmers van die lewe, kragtige manne, *almal manne van stilte*, want daar was oneindig veel om te verrig en te doen. Hulle was die patriarge van ons volk, almal kragfigure wat hulle omgewing en die land gedwing het tot kultuur en tot vrugbaarheid. Elkeen van hulle was op sy plaas 'n koning wat die verloop van sake gedwing het na eie wil. Hulle het saam met die natuur gelewe, gesien hoe dat die Skepper van alle dinge die wêreld bedoel het, en hulle het gehelp om daar rigting en gang aan te gee. In die volle sin van die woord was hulle handlangers van ons Here. Hulle het die voorjaar sien kom, hulle het die somer beleef, en gesien hoe dit uitloop op die winter. Hulle het gesaai, gemaai en gesien hoedat droë stoppellande die groen graan opvolg. Hulle het geteel en geslag. Hulle het gesien hoedat daar geboorte is, was-

dom, voleindig, en dan die dood. Hulle het die Skepper se kringloop in hulle omgedra, en as die tyd vir hulle vol was, het hulle in deemoed gebuig want hulle lewe het hulle geleer dat hulle soos plante is, soos die gras wat vanmôre groen op die veld staan en vanaand verdor is. Hulle het die ganse natuur oor- en deurskou omdat hulle daagliks daarmee saamgeleef het.

Maar hierdie welaangename tyd gaan verby. Die ou patriargale bestaan word onuithoubaar, want intussen het ander tye gekom, met ander sedes en ander waardes. Verby is nou die tyd van die veetroppe en die winterplase. Die wêreld het vol geword, die plase te klein, en nywerhede begin met ander wette, ander instellings, ander vereistes. In toenemende mate word oortollige kinders van die plase afgedruk; gesinne wat nie meer op die land kan bestaan nie, verskuif na die stede. En naderhand word ons hele onderwysstelsel so ingerig dat hulle 'n nimmereindigende stroom amptenare en wetenskaplikes oplei en afrig . . . waarvoor? Vir diens in die stede en nywerhede, vir diens aan die staat, want intussen het die staat 'n wesenlike instelling geword wat elke tien jaar ewe plegtig sy manskappe tel, en wat elke jaar op gesette tye sy tiendes en honderdstes van die verdienstes van sy mense insamel. Want hierdie moderne masjien moet gevoed word, geweldig gevoed word met 'n nimmereindigende stroom amptenare en tiksters en rekenmeesters en boekhouders en bankiers en klerke.

En ons mense stroom van heinde en ver af aan om deel te hê aan hierdie nuwe heerlikheid. Hulle ou bestaan word verruil vir 'n dagloon, 'n weekloon of 'n maandloon, en trots boog hulle daarop dat hulle nou altyd kontantgeld het en geen droogte meer vrees nie. Trots boog hulle daarop dat hulle eienaars is van kafees en winkels, dat hulle skofbase is in die myne, dat hulle bestuurders is van drankwinkels en bioskope en nagklubs en handelsfirmas. Hulle spog daarmee dat hulle nooit meer die son sien opkom of ondergaan nie. Hulle ken nie meer die verskil tussen 'n os en 'n bul nie. Hulle kinders weet net dat melk uit bottels kom. Die kringloop van die natuur het hulle verbreek en die verskrikking van droogtes ken hulle nie. Somervrugte bemark en geniet hulle deur middel van koelkamers en koelkaste in die hartjie van die winter. Die keurigste groentesoorte is dwarsdeur die jaar op hulle tafels. En op laas gaan hulle daarmee spog dat hulle die geheim van die skepping ontbloot het. Hulle verander nie net die geslag van mense nie, maar hulle ken en beoefen kunsmatige bevrugting by mens en dier, hulle teel in proefbuise, en hulle glo dat hulle eerdaags nuwe lewe sal kan maak soos julle Skepper.

Wat het met hierdie mense gebeur? Die vreeslikste wat met 'n mensegeslag kan gebeur. Hulle het die ou gevoel van eenheid en skepping verloor. Die gevoel dat daar 'n gang is in die natuur, is verdwene. Hulle sien en ervaar nie daagliks die wonder van geboorte, groei, rypwording, afgang en dood nie, en as die dood voor hulle opdaag, is dit vir hulle 'n ondenkbare vernedering. Hulle sien nie meer die skeppingseenheid nie. Die fabriekswerker sien maar een fase van 'n ingewikkelde geheel. In die wêreld van die masjien van die motor dra jy kennis of van die enjin of van die bak

of van die stoffeerwerk. Jy spesialiseer of in vonkmotors of in diesels. Jy het kennis van die binnegoed van 'n Chev. of 'n Ford of 'n trekker. Hierdie selfde proses merk ons op alle ander terreine van die lewe. Die geneesheer spits hom toe op die kwale van die spysverteringskanaal, die bloedsomloop, die beenderegestel, die senuwees, of die asemhalingsorgane, op die kwale van die mans, vrouens, of kinders, op heelkunde of op snykunde, en onder dit alles raak die sieke se siel so stilletjies in die verknorsing omdat geen mens nog ooit in staat was om juis vas te stel waar in die liggaam die siel gesoek moet word nie. In die ander wetenskappe is dit net so gesteld: die wysgeer stel hom in op 'n gedeelte van die wysbegeerte; die taalkundige baken sy hoekie van die geheelgebied af; die letterkundige kies sy genre en sy tydvak. En as jy 'n natuurwetenskaplike is, beland jy by die hoogste wysheid van ons tyd: die kernfisiese splitsing van die atoom en die grondliggende geheim van die skeppingswonder. Ons hele lewe val uiteen in sy onderdele . . . die sogenaamde atomistiese lewenshouding.

Maar daarmee is die mens ook sy ou gaafheid van gees, sy afgerondheid van lewensopvatting kwyt, sy blik op die skepping is volslae vertroebel en sy ou droom dat hy 'n geroepene is om die Godsplan te help verwesenlik, verdwyn soos 'n skim voor die geweldige hittegrade wat hy in sy hoogoonde, smeltkroese, met sy sweissapparate en in sy laboratoriums ontwikkel.

Iewers in sy wese dra hy nog 'n hunkering na 'n Maker — wat nou nie meer 'n naam het nie. Maar sy nugtere wetenskaplike verstand probeer hom wysmaak dat die hunkering 'n nuttelose oorblyfsel is van 'n romantiese droom. By die graf eindig alles. Alles is stof. Alles is nietig en niks. Daarom, laat ons eet en vrolik wees. Waarom vaskleef aan instellings en tradisies en sedewette? Waarom oor so 'n weelde-artikel soos 'n gewete beskik? Waarom anders probeer wees as beeste of as varke, want word ons nie lamal getref deur dieselfde uiteinde nie? Dit het tog geen sin nie.

Of het dit? . . . Ontnugterende vraag, waardeur die moderne mens 'n aaklikge gespletenheid van gees ken wat ons gestigte vul met sielsiekes en ons gevangenis met oortreders teen hulle medemens.

Ons ouers wat mense uit die stilte. Hulle kinders en kindskinders het geword mense in eensaamheid. En hierdie lydende mensdom van vandag, dis mense van ons geslag, van ons tyd. Dis mense van ons maagskap; meer nog . . . dis ons broers en susters, en in baie gevalle ons eie kinders. En as ons hierdie dinge oor hulle vasstel, dan praat ons daarvan of ons van ons self praat, want ons het die weg tot hier toe saam met hulle afgelê. Ons het aan ons eie harte voel knaag die twyfel, die eensaamheid, die wanhoop dat daar nêrens in die ou geluksaligheid vir ons bestaansmoontlikheid was nie. Ons het saam beleef die verbreking van ou maagskaps- en gemeenskapsbande en die verplasing na 'n vreemde wêreld waar ou waardes en ou waardigheid nie meer gegeld het nie. Ons het die smaad verduur van uitgesak te wees, stoflik hulpeloos en hulpbehoewend. Ons het saam die bitterheid gesmaak van waardeloos te voel onder

jou eie soort. Ons het saam die vernedering meegemaak van dagloner te word, los werker of handlanger op nedersetting, delwery en onderstandswerke. Ons het saam die spot van ons tydgenote geword omdat ons as ongeskooldes elders van vooraf weer moes begin in nywerheid of handel of bedryfswêreld. Daarom, as ons oor die dinge praat, praat ons nie soos oor vreemdes buitekant ons landspale nie, maar ons praat oor ons broers en susters, oor ons ouers, oor ons kinders, oor ons self.

In die groot eensaamheid wat op hulle en op ons toegesak het, het ons gesien en begryp hoedat menigeen by ander gode geborgenheid gaan soek het. Ons het in die stede beleef dat mense met Afrikaanse name en vanne geen woord Afrikaans meer ken nie en aan vreemde kerke behoort. Ons het gesien hoedat dinge wat ons sedelik en geestelik afgekeur het, ook deur 'n deel van ons mense aangehang word. Ons het van ons eie naaste bloedverwante die sektewese sien invlug om tog iewers salwing te vind vir hulle verskeurde gemoed.

Die dinge het ons alles gesien, en ons moes dit swyend in ons opneem en daarin berus, want dit was te naby aan ons eie lewe om te kan veroordeel. Daarom praat ons oor die dinge met gedempte stemme. Ons mense het eensames geword.

IV. En laat ons dit maar eerlik beken: die uiterlike omstandighede, daar stil eenkant op die plaas, waarin ons op die ou manier ons God gedien het, is skynbaar in ons land vir altyd verby. Meer as die helfte van ons woon reeds in die stede, wat beteken dat ons oorgaan van 'n landelike na 'n nywerheidskultuur. En daarmee is die stilte vir ons verlore. In die nuwe omgewing sal ons eensames bly totdat ons ons daarby leer aanpas het.

As dit nou die beeld is van ons tyd en van ons mense, wat word dan van ons godsdiens verwag?

Laat ons net die toestand waarin ons verkeer, puntsgewyse saamvat om tot helderheid te kom. Ons sê dan:

1. Die moderne mens is los van sy omgewing, los van sy ou verbande en instellings en daarom is hy eensaam . . los van die gemeenskap en los van die skepping.

2. Om hierdie losheid en om sy nuwe proefondervindelike wetenskap het die moderne mens 'n afgewaterde begrip van sonde, en hy het nie sin vir 'n godsdiens wat tot hoeksteen het die sondigheid van die mens nie.

3. Die moderne mens het saam met sy begrip van sonde ook die begrippe van ewige verdoemenis en ewige herrysenis en die geloof aan 'n Opperwese wat alles saambind en daar eenheid en doel aan gee, prysgegee, en nou dobber hy sonder rigsnoer rond in 'n bestaan waarin geen rigting, geen sin meer bestaan nie.

Die moderne mens staan voor die oernag van die gees, en dit lyk of ons weer van vooraf sal moet begin.

En waarmee sal ons begin? Ek sou sê ons moet begin met die gods-

diens. In ons ou patriargale bestaan was die vader hoof van die gesin en die staat, en hy was ook die priester van sy gesin. Huisgodsdiens, voorgang by bidure e.a. plegtige geleenthede soos begrafenisse, was sy voorreg. Ek herinner ook daaraan dat die landelike Afrikaner op geen maniere beskou was as 'n gereelde kerkganger in die sin waarin ons dit tans uitlê nie, d.w.s. iemand wat elke Sondag minstens één keer 'n diens bywoon nie. Die geleentheid daartoe het meestal nie bestaan nie. Nou is ons stedelinge, en ons vind die geleentheid wel, maar nou ontbreek die geneentheid. In die nuwe omgewing verdwyn die huisgodsdiens, en by alle plegtige geleenthede is die predikant gerieflik byderhand. M.a.w. die nuwe stedeling vind dat sy godsdiens iets geword het wat hy ondergaan. Hy sing wel twee, drie keer per diens saam aan enkele verse wat deur die leraar voorgelees word, maar verder is hy passief, willoos en lusteloos.

As ek dan sê ons moet begin met die godsdiens, dan dink ek daaraan dat dit 'n begrip is wat saamgestel is uit twee dele godsdiens, d.w.s. die dien van God. Skep ons dit om in ander terme, dan beteken dit dat ons ons mense God moet laat dien . . . ek stel dit in die *aktiewe* vorm, nie in die *passiewe* vorm nie. Hy moet nie die dien ondergaan of ly nie, hy moet *self* dien, dus self werksaam wees om te dien. En hy moet God dien, nie die mens nie. Daarmee bedoel ek dat ons erediens dikwels so ingerig is dat ons die mens en al sy gebreke vol in die middelpunt van ons belangstelling kry. Ja sekerlik sedelering van die preekstoel af is onmisbaar vir ons mense en ons tyd, maar laat ons asb. nie onder die indruk verkeer dat dit *gods*diens is nie. Ek kom vra dat ons 'n erediens moet kry waarin die nadruk val op die goddelike en op die dien daarvan, en nie op die dienaar nie. Deur 'n besef van die goddelike word die mens haas van self gelei tot 'n aanvoeling en 'n besef van sy eie toestand van onvolmaaktheid en bedorwenheid.

Hoe moet hierdie erediens ingerig word? Hier staan ek verleë om 'n antwoord, want nou het ons die gebied bereik waar u, my toehoorders, uit hoofde van u geroepenheid, u opleiding, en die stilte waar uit u kom, die wegwysers is. As ek hier enkele punte aanstip, doen ek dit in alle ootmoed en geensins as 'n beterweterige vitter nie. Ek probeer maar in alle eerlikheid, en tog met angs, vir u in woorde te verduidelik wat die behoeftes van my eie gemoed is, behoeftes wat ek oor die jare voel toeneem het. Ek is skugter oor die saak, want ek is ten volle bewus daarvan dat my eie agtergrond en verlede, my eie omstandighede van 'n koshuisbestaan ver weg van die ouerhuis af en my vorming as wetenskaplike in die stilte van my studeerkamer, afgesonder van my huisgenote en ook in die eensaamheid van die buiteland, moontlik by my behoeftes laat ontstaan het wat nie algemeen hoef te wees nie en sekerlik nie 'n kenmerk van ons mense in ons tyd hoef te wees nie. Daarteenoor stel ek egter dat ek weet dat ook ek kind van my tyd is, aangevreet deur die siekte van atomisering. Om my sien ek ook ander vereensaamdes. Tog is dit nog moontlik dat ek dwaal, daarom dra ek dit in alle beskeidenheid aan u voor, want u, wat die stilte ken en

moontlik ook die eensaamheid, sal kan aanvoel of my betragtings berus op waarheid of op dwalings. Ek stip dan aan:

1. Sedeprediking is onmisbaar in die erediens, maar dit moet nie die hoofrede wees waarom die gemeentelede kerk-toe kom nie.

2. Die hoofdoel van die bywoning van die erediens, is die dien en aanbidding van God.

3. Die lidmate moet meer en ingrypender deelneem aan die godsdiens in die kerk deur in wisselwerking te tree met die prediker en musiek (koor, orrel) — byv. tydens die geloofsbelydenis.

4. Deur die daadwerklike deelname aan 'n diens waarin God in die middelpunt staan, word die mens verlos van sy eensaamheid, hy word deel van 'n aanbiddende gemeenskap, sy gemoed word bevredig deur 'n besef van die Allesoorheersende, Volmaakte God, en so word hy van self gebring tot 'n besef van sy eie sondigheid . . . die basiese begrip wat hom vandag ontbreek.

5. Persoonlik vind ek dit hoogs steurend dat die prediker telkens die Psalm of Gesang aankondig, dan die betrokke verse voorlees, en dan die voorspel van die orrel en dan eers die sang. As almal tog boekies het en die volgorde van die sang word op geskikte plekke teen die mure aangedui, kan die sang baie meer spontaan en verheffend wees.

6. Ek vind dit nog altyd vreemd dat ons telkens maar 'n hap uit 'n Psalm of Gesang sing. So 'n Psalm of Gesang is 'n eenheid van begrip en gevoel, 'n eenheid wat ons in die lekewêreld 'n gedig noem, en in die buitewêrekd sal ons nooit daaraan droom om slegs die eerste of laaste vers van 'n gedig voor te dra nie. Waarom moet ons dit in die erediens doen?

7. Kan ons nie 'n erediens ontwerp wat 'n groter gevoelseenheid vorm nie, d.w.s. waarin die betrokke gedeeltes van die Heilige Skrif, die sang, die sedelering 'n oorsaaklike eenheid vorm nie?

Begryp goed: ek verfoei 'n kunskonsert in die kerk. Ek soek ook nie na operadeuntjies op ons orrels en in ons koorsang nie. Maar ek soek na 'n godsdienstige ervaring van God wat in my opgewek moet word deur my aktiewe deelname aan iets wat in sy wese 'n eenheid vorm. Ek soek na 'n innerlike bevrediging van my gemoed waar ek my stem saam met ander verhef om God te verheerlik en te aanbid.

En as ek dit gesê het, beëindig dit my taak hier, en u taak as herders van gemeentes begin.

Laat my afsluit met die opmerking: Om weer terug te keer tot die stilte, het ons nie nodig om as volk terug te keer tot die landelike nie. Ook die stadsmens kan deugsaam en stil wees, as hy maar uit sy eensaamheid verlos kan word, as hy maar weer 'n sin kan vind in die bestaan. En daardie sin kan hy slegs vind in die godsdienstige ervaring en belewing. Die mense van God is van self stil, want in die stilte is God.

Ek bedank vir u geduldige gehoor.

ABEL COETZEE.